**28 Januarie** **Skrifgedeelte: Psalm 107 (OAV)**
**Fokusgedeelte: Psalm 107:1**
**HK, Vraag 28**

## Dit gaan goed deur Gods goedertierenheid

Gaan dit met jou goed? Die antwoord word nie bepaal deur voorspoed of teenspoed nie, maar deur die Here se goedertierenheid. Goedertierenheid is veranker in God se vaste verbintenis met ons, op grond waarvan ons God en sy *bona fides* vertrou.

1. In die ellende van Israel se honger en dors kan hulle nogtans die Here se goedertierenheid loof (vers 8). Dit is die Here wat in die ellende voed, verkwik en op die regte pad lei.
2. In die verlossing beleef Israel die goedertierenheid van die Here (vers 13 & 15). Die swaarkry wat die Here oor hulle gebring het, was reeds die begin van hulle verlossingspad. Hierdeur bring die Here die verandering, weg van hulle eie begeertes om die Here aan te roep.
3. Derdens is die woorde: "Laat hulle die Here loof om (vir) sy goedertierenheid ..." 'n uiting van dankbaarheid. Want dit is die Here wat ons in ons voorspoed en teenspoed vashou in die vaste verbintenis. Dit is vas en seker omdat dit bevestig is deur die bloed van Christus. Met hierdie bloed het Hy ons uit die heerskappy van die duiwel verlos (HK 1:1).

In voorspoed en teenspoed bly ons in ons Vader se hande. Hy wil dat alles tot ons saligheid dien (HK 1:1). Net om hierdie rede alleen al gaan dit goed.

*Sing: Psalm 107:1, 4 (1936-beryming)* *Ds. CA Jansen (Welkom-Noord)*
*Psalm 107:1, 3 (2001-omdigting)*